# Hiernamaals

wat sê die Bybel?

## 4: DOOD EN DIE ONGELOWIGE

1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **267: Wie het gesê: "Ek weet my verlosser leef"?** | | | |
| Job | Dawid | Jesaja | Daniël |
| **268: Watter profeet het die Babiloniese ballingskap verkondig?** | | | |
| Natan | Nahum | Jeremia | Sagaria |
| **269: Wie het Jesus aan die regterhand van die Vader sien staan?** | | | |
| Stefanus | Petrus | Filippus | Paulus |
| **270: God het aan hierdie profeet belowe dat Jesus op sy troon sou sit** | | | |
| Dawid | Elia | Elisa | Daniël |
| **271: Wat wou die tronkbewaarder van Filippi doen toe hy sien die deure is oop?** | | | |
| Selfmoord pleeg | Weghardloop | Alarm maak | Stadsmense omkoop |
| **272: Hoeveel keer het Petrus die laken met onrein diere gesien wat van die hemel afkom?** | | | |
| 3 | 6 | 9 | 12 |
| **273: Sy vader het van hom gesê: Hy sal ons opbeur deur harde werk** | | | |
| Abraham | Set | Dawid | Noag |

2

| **267: Wie het gesê: "Ek weet my verlosser leef"?** | | | |
|---|---|---|---|
| A: Job 19:25 | Dawid | Jesaja | Daniël |
| **268: Watter profeet het die Babiloniese ballingskap verkondig?** | | | |
| Natan | Nahum | C: Jeremia 25:9 | Sagaria |
| **269: Wie het Jesus aan die regterhand van die Vader sien staan?** | | | |
| A: Handelinge 7:56 | Petrus | Filippus | Paulus |
| **270: God het aan hierdie profeet belowe dat Jesus op sy troon sou sit** | | | |
| A: Handelinge 2:30 | Elia | Elisa | Daniël |
| **271: Wat wou die tronkbewaarder van Filippi doen toe hy sien die deure is oop?** | | | |
| A: Handelinge 16:27 | Weghardloop | Alarm maak | Stadsmense omkoop |
| **272: Hoeveel keer het Petrus die laken met onrein diere gesien wat van die hemel afkom?** | | | |
| A: Handelinge 10:16 | 6 | 9 | 12 |
| **273: Sy vader het van hom gesê: Hy sal ons opbeur deur harde werk** | | | |
| Abraham | Set | Dawid | D: Genesis 5:29 |

3

## 1. In watter opsig sal daar gelykheid in die hemel wees?

Almal wie se naam in die boek van die lewe is, se liggaam word opgewek, met die siel herenig.

Filippense 3:20, 21. Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

## 2. In watter opsig sal daar ongelykheid in die hemel wees?


Gelykenis van die talente: aanstelling verskil.

God gee verskillende verantwoordelikhede, en getrouheid word beloon (oor soveel sal ek jou aanstel).

Vraag: word sekere mense dan nie voorgetrek nie?

4


God skep elke mens uniek met 'n eie taak en verantwoordelikheid
Elkeen woeker met die talente wat God hom / haar gegee het



35ml 240ml 120ml 60ml

5

God skep elke mens uniek met 'n eie taak en verantwoordelikheid
Elkeen word vol(maak) gemaak is sy / haar beloning



35ml 240ml 120ml 60ml

So is elkeen gelyk en ongelyk, sonder om bevoordeel of benadeel te word

6

## In watter opsig sal daar gelykheid in die hel wees?

Hel is 'n plek van straf – ewig! Geen ontsnapping is moontlik nie.

Lukas 16:24 - 26. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.

7

## In watter opsig sal daar ongelykheid in die hel wees?

Matteus 11:20-24 Toe het Hy die stede waarin die meeste van sy kragtige dade plaasgevind het, begin verwyt, omdat hulle hul nie bekeer het nie: Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle. En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou.

Gorasin, Betsaida en Kapernaum het die evangelie gehoor en gesien, en hulle nie bekeer nie

Tirus, Sidon, Sodom: Jesus het nie daar gepreek, magtige dade het nie daar plaasgevind nie.

Hulle het nie die evangelie gehoor nie, en gaan dus verlore.

DRAAGLIKER! Dus: nie so "warm" nie, steeds hel en verdoemenis, maar minder swaar as hulle wat die evangelie gehoor het.

Wie die evanglie hoor en verwerp, gaan erger gestraf word as hulle wat nooit van die Here gehoor het nie

8

## 3. Sal God iemand wat nog nooit van Hom gehoor het nie, verlore laat gaan? Motiveer u antwoord.

Psalm 14:1 1 Vir die koorleier. Van Dawid. Die dwaas dink daar is geen God nie.
Dwase mense vernietig alles; wat hulle doen, is 'n gruwel vir die Here. Daar is nie een wat goed doen nie.

Esegiël 18:4 Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf

Romeine 3:10-12 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.

Romeine 3:19 Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God

As die mens een enkele sonde gedoen het – ook in heidense gemeenskappe bestaan en geld God se wet (hulle besef dit nie noodwendog nie) – verdien die ewige dood.

9

## 4: Wat gebeur as 'n kind sterf wat nie gedoop is nie?

**DORDTSE LEERREËLS HOOFSTUK: 1 PARAGRAAF: 17.**

Die Woord van God, waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Gelowige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie. [1]

1 Genesis 17:7; Jesaja 59:21; Handelinge 2:39; 1 Korintiërs 7:14

7 "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.

21 Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk:
my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê,
sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here,
nie nou nie en nooit nie.

Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."

4 Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God.

Kinders binne die verbond behoort aan die Here

Doop is 'n sakrament met 'n geweldige genadeboodskap – maar is nie heilsnoodsaaklik nie

10

## 5: Is daar 'n tweede kans tot bekering na die dood? Motiveer u antwoord

Lukas 16:23 - 26 Toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en sien vir Abraham daar in die verte en vir Lasarus langs hom en hy roep: 'Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur.' Maar Abraham sê: 'My kind, onthou dat jy in jou leeftyd altyd die goeie gekry het en Lasarus die slegte. Nou gaan dit hier goed met hom, maar jy word gepynig. En buitendien is daar 'n groot kloof tussen ons en julle, sodat dié wat hiervandaan wil oorgaan na julle toe, nie kan nie, en dié wat dáár is, ook nie na ons toe kan oorkom nie.

Lasarus kan nie van die hemel na die hel gaan nie.
Geen sprake van bekering – of die moontlikheid daarvan – by die ryk man.
Groot kloof – sonder brug. Geen oorgang. Geen bekering

11